Weergawe 1.3

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

09.03

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	Ring van Port Elizabeth
Titel van Projek:	Gemeenskapskool en Opleiding

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ilse Terblanche (voorsitter)
Posadres:	Anchor of Hope Community Development Edward Straat 1, Richmond Hill, Port Elizabeth
E-pos:	ilseterb@telkomsa.net
Faks:	041 5853700
Tel. (k):	041 585 3700
Tel (h):	n/a
Selfoon:	0829623309

Terblanche	27 September 2014
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____Wicus Wait _____, in my hoedanigheid as ~~voorsitter~~ / skriba van die Ring van _Port Elizabeth_____, dat hierdie projek op ___Dinsdag 12 Augustus 2014_____ deur die Ring / ~~Ringskommissie~~ goedgekeur is.

Wicus Wait	2014-09-29
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Doel

Om as gemeentes van die Ring van PE die Woord van die Here te bring aan die multi- kulturele gemeenskap in Sentraal/Richmond Hill en omgewing deur gasvryheid te bewys aan die vreemdelinge (mense van ander tale, rasse, kulture en herkoms) deur hul in te nooi in die huisgesin van God / familie van Christus; die minderbevoorregtes te ondersteun met praktiese lewens- en tegniese vaardigde, opleiding en ondersteuningsdienste wat hul beter sal toerus om in hul eie basiese behoeftes en lewensmiddele te voorsien; en om gemarganaliseerdes te help om hul potensiaal in Christus te ontdek. Uiteindelik is ons doel ook dat nuwe gelowiges dan deur die gemeente dissipel sal word om ook hul gawes en roeping in Christus te ontdek en uit te kan leef.

Projek fokus

a) Geletterdheidsklasse en ondersteuning van skoling te verbeter.
b) Engelse Klasse aan anderstalige vreemdelinge.
c) Rekenaar klasse.
d) Hulp met die verkryging van motor bestuurs lisensie.
e) Lewensvaardighede bv Fokusgroep besprekings met leerders om uit te vind hoe hul finansieel oorleef .
f) Praktiese hulp bv opstel van CVs, voorbereiding vir, onderhoude, ens.
g) Inrigting van 'n gemeenskapsentrum (fotostate, fakse, internet dienste).

Vordering

Die volgende hoogtepunte kan rapporteer word:

Institusioneel

- Geregistreer as NPO (126-036NPO)
- Is as "Public Benefit Organistion" (PBO) geregistreer vir inkomstebelasting vrystelling (Verwysings nr 930040508)
- Tweede geouditeerde finansiele state gedoen deur Moore Stephens
- Tweede Jaarvergadering op 7 September 2014

Kommunikasie en netwerke

- Bekendstelling van program aan gemeentes in die onmiddelike area voortgaande
- Bekendstelling van die program by 4 gemeentes voortgaande
- Netwerk met predikante van NGK gemeentes in PE om te kyk hoe gemeentes die projek kan ondersteun
- Verskeie beriggies in die koerante, op PE Churchnet, ens
- Webwerf is ontwikkel –www.anchorofhope.org.za en facebook page. Brosjure is ontwerp en word versprei.

Programme

- 5 programme gaan voort (Engelse klasse, Volwasse onderrig, Rekenaar opleiding, Bestuurslisensie program,Lewensvaardighede)
- Bestaande ooreekoms met Media Works vir geakkrediteerde volwasse onderrig
- Besig om formele ooreenkoms op te stel met Trading Technologies wat geakkrediteerde rekenaar opleiding namens Future Kids en Cisco aanbied.
- Onlangse befondsing het AoHCD in staat gestel om 5 rekenaars en 5 monitors, 5 nuwe monitors vir AET klaskamer en 30 lisensies aan te koop

Uitdagings

Die volgende uitdagings is ondervind die afgelope jaar

- Om 'n organisasie te bedryf sonder vaste personeel (bv Program koordineerder en administratiewe beampte). Meeste Bestuurslede werk voldag en kan net na ure aandag skenk aan die bestuur van die organisasie. Baie meer kan vermag word met voltydse personeel wat die dag tot dag bestuur en administrasie kon hanteer. Ons is dankbaar vir 'n administratiewe persoon Mev A Strydom wat haar dienste vrywillig aangebied het. Sy word 'n honorarium van R1000.00 per maand deur die NPO betaal. Mnr Henri Giani het ook sy finansiële dienste aangebied en is besig om mev Strydom in Pastel op te lei vir die kerk en NPO se boeke.
- Om vrywilligers voortgaande betrokke te kry. Daar kan nie meer studente gewerf word as daar nie fasiliteerders is om hul te help nie.
- Kon nie aansoek doen vir befondsing sonder die NPO Sertifikaaen PBO registrasie nie. Die verkryging van ons PBO registrasie en belastingvrystelling het die implikasie dat ons nou vir donateurs 'n 18A kwitansie kan uitreik en sodoende makliker donasies kan verkry.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Implementeerders : Ring van Port Elizabeth

Die Ring van Port Elizabeth het die projek inisieer. AoHCD is die implementeerder. Die verwagting is dat gemeentelede van Anchor of Hope, Walmer, Kensington, PE Oos, Park Heuwel, PE De Duin, PE Hoogland, Somerstrand en Klema die organisasie op vrywillige basis behulpsaam sal wees. Hartlike dank aan diegene wat reeds betrokke is.

Begunstigdes (teikengroep)

Inwoners van Sentraal, Richmond Hill en omgewing - almal, ongeag taal of herkoms, wat die Here oor ons pad stuur - die wat die Here ken maar veral die wat Hom nie ken nie. Veral die vreemdes, armes, gemarganaliseerdes, ongeskooldes, veral vroue (die moeders van die volgende geslag). Baie van die mense is jong mense. (staats definisie – 20 tot 35 jariges).

Dienswerkers

Die meeste werk word tans op vrywillige basis gedoen. Daar word verwag dat die personeel en vrywilliges bemagtig sal word in hul betrokkenheid by die projek deur amptelike opleiding, en deur ondervinding wat hulle opdoen met die aanbied van klasse, en deur kruiskultureel te werk. Dit is ook so dat vrywilliges in diens van die Here dikwels baie seën of geestelike groei ervaar. Hierdie ondervinding kan ook terug geploeg word in die dienswerker se eie gemeente.

Lokaliteit

Die gemeente van Anchor of Hope het die kerk opgegradeer en 3 lokale vir alledaagse gebruik aan AoHCD beskikbaar gestel. AoHCD betaal nie huur nie maar moet bydra tot die operasionele kostes (bv water, elektrisiteit, sekuriteitskostes).

<u>Voordele vir die begunstigdes</u>

- Toegang tot volwasse onderrig geleenthede teen gesubsidieerde kostes.
- Verkryging van kennis en vaardighede wat spesifiek gemik is daarop om hulle in staat te stel om beter werk / besoldiging te kry wat armoede help verlig. Hulle word ook gehelp met die voorbereiding vir werksaansoeke en onderhoude .
- Bou van persoonlike verhoudinge met die fasiliteerders, gemeentelede en ander leerders wat hul ondersteuningsbasis uitbrei.
- Hulle word bedien deur Christene - mense wat bereid is om 'n pad met hulle en hul gesinne te loop.

Voordele vir Anchor of Hope

- Die gemeente sal bekend begin staan as 'n plek waar mense met onderrig gehelp kan word en nie-gelowiges word reeds gelok.
- Die gemeente het die geleentheid hê om nie-gelowiges in te nooi.
- Bied geleentheid vir gemeentelede om binne veilige ruimte geestelike gesprekke met mense te voer wat dalk andersins onbereikbaar is.
- Die gemeente getalle sal groei.

Voordele vir die Ring van Port Elizabeth

- Gemeentes word die geleentheid gebied om kruiskultureel uit te reik na mense van alle nasies binne 'n beskermde en veilige omgewing.
- Ondervinding wat opgedoen word kan van onskatbare waarde wees binne ook ander gemeentes.
- Groter samewerking tussen NGK gemeentes en vrywilliges van ander denominasies.
- Gemeentes kan ook ongeletterdes in hul eie midde, bv huishulpe, tuinwerkers ens die geleentheid te bied om te leer lees en skryf of hul skool kwalifikasie te verbeter.
- Rekenaar ongeletterde Ringsgemeentelede kan in groepe rekenaar opleiding boek.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
INSTITUSIONEEL	
• Bestuur moet meer verteenwoordigend word.	1-12 maande
• Beleid prosedures en sisteme moet ontwikkel word bv registrasie van leerders, betaling deur en subisidiering van leerders, delegasie van bevoegdhede, gebruik van lokale, ens	1-12 maande
Kommunikasie en Netwerk	
• 'n Netwerk van ondersteunings gemeentes en nie winsgewende organisasies moet ontwikkel word. Klema en NG PE Sherwood is voorbeelde van gemeentes wat reeds op praktiese wyses ondersteuning bied. Dit moet verder uitgebrei word.	1-6 maande
Personeel	
• 'n Program koordineerder moet aangestel word (halfdag om mee te begin).	
• Die AET Koordineerder moet honorarium kry.	1-12 maande
• Die Administratiewe Beampte se honorarium moet aangepas word.	
Vrywilligers	
• Ongeveer 15 vrywilligers moet gewerf word vir die uitbreiding van bestaande programme en die vestiging van nuwe programme.	Deurlopend
PROGRAMME	
Volwasse onderrig	
• Nog ten minste 2 fasiliteerders vir volwasse onderrig moet opgelei word.	1-3 maande
• Meer leerders moet gewerf word (as daar genoeg fasiliteerders is).	Deurlopend
• Registrasie van studente, aankoop van handboeke, registrasie van eksamen lokale en eksamen fooie.	Deurlopend
Rekenaar onderrig	
• Aanbied van ten minste 2 gesubsidieerde rekenaar klasse van 10 studente elk.	1-12 maande
Bestuurslisensies	
• 'n Meer formele ooreenkoms moet gesluit word met 'n bestuurskool	1-3 maande
• Leerlinglisensie klasse sal 4 x per jaar (1 x per kwartaal) vir 4 weke periodes	Deurlopend

aangebied word. • Die opleidingsprogram moet aangekoop of ontwikkel word vir leerlinglisensie klasse . • 'n Netwerk van vrywilligers wat bereid is om leerders te help om ryure in te kry moet opgebou word. Skakeling met ander gemeentes moet gedoen word. • 50% bydrae tot leerling en bestuurslisensies vir 20 persone. <u>Praktiese hulp met werksoek</u> • Meer aandag moet geskenk word aan die werksoek aspekte (bv hulp met CVs ens) <u>Lewensvaardighede</u> • "Work matters to God" en Christelike etiese waardes moet deel vorm van elke leerder se kurrikulum en moet 2 x per jaar aangebied word. • Opname moet gedoen word tov aspekte wat gemeenskapslede graag meer sou wou van leer en dan programme daarvolgens te ontwikkel. • Ondersoek die moontlikheid om die "Mpendulo Savings en Loan" program aan gemeenskapslede voor te stel om spaar aan te moedig, hulle te leer om beter beheer oor hul finansies te hê, hul help om weg te kom van loan sharks wat hulle verder in armoede dompel en hul te leer om goeie rentmeesters te wees van dit wat die Here aan hul toevertrou het.	1-3 maande Deurlopend. Deurlopend Deurlopend 2 x per jaar 1-6 maande 1 -3 maande
BEFONDSING • Daar moet tenminste 4 befondsingsaansoeke per jaar voorberei word om volhoubaarheid te verseker . • Program koordineerder moet befondsingsaansoeke voorberei vir programme	Deurlopend

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
BESTUUR	
Ilse Terblanche	Anchor of Hope (Voorsitter)
Gillie Noeth	Anchor of Hope
Marinda Noeth	Anchor of Hope
Liesel du Plessis	Hoogland (sekretaresse)
Pieter Theunissen	Somerstrand (Bemarking)
Danie Mouton	Sinode (ex officio)
Henri Giani	Hoogland (tesourier – ex officio)
VRYWILLIGERS	
Voltydse Vrywilligers	Anchor of Hope (AET Koordineerder)
Marinda Noeth	
Ad hoc vrywilligers	Work matters to God
Evelyn Lotz	AET klasse
Suzaan Theunissen	AET klasse
Karin van Eeden	Hoogland - Leerlinglisensies
Liesel du Plessis	Vrywilligers word benodig om
Nog meer vrywilligers (ongeveer 10) word benodig	a) Die bestaande programme uit te brei b) Nuwe programme te kan begin c) Behulpsaam te wees met die ontwikkeling van beleid, prosedures,en sisteme as ook die skryf van befondsingsaansoeke.

PERSONEEL Program koordineerder Administratiewe Beampte AET Koordineerder	Daar is 'n groot behoefte aan: 'n Program Koordineerder met die nodige na-skoolse kwalifikasies, toepaslike ondervinding, passie en gedeelde visie (halfdag pos) Reeds betrokke , maar honorarium moet verhoog word Moet formeel aangestel word en honorarium betaal word

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	**Hoeveelheid**
Volwasse Onderrig	
Geen	
Rekenaars Rekenaars Replacement Keyboards & mice	 3 8
Bestuurslisensies Simulator	 1 (net as ons hiervoor befondsing kan kry) Ons het nie hiervoor begroot nie

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	**Bedrag**
Donasies	R 10 000
Bydraes van studente (dra by per kursus)	R 16 000
Voorgestelde Ringsprojek	R 60 470
Ander befondsers moet nog identifiseer en aansoeke voorberei	R 264 625
TOTAAL:	**R351 095**

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
• Volwasse Onderrig Handboeke, eksamen registrasies en opleiding van 2 fasiliteerders	 R33 495
• Rekenaar aankope (3) en Keyboards (8) • Opleiding (20 persone) gesubsidieer	R19 600 R30 000
• Bestuurslisensies	R27 000

• Lewensvaardighede	R 3 500
• Personeel (Program koordineerder, AET Koordineerder, Administratiewe beampte)	R168 000
• Oorhoofse kostes(water, elektrisiteit, sekuriteit, versekering, telefoon, bankkostes, website, ADSL, ens)	R 61 500
• Skryfbehoeftes	R 8 000
• Drukwerk	R0
• Reiskoste	R0
TOTAAL:	**R351 095**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R351 095
MIN Bedrag beskikbaar en waarvoor befondsing aangevra sal word uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R290 625
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	**R60 470**

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
Februarie 2015	R30 470
Junie 2015	R30 000

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Rekening Naam	Anchor of Hope Community Development NPC
Bank	ABSA
Tak	Newton Park
Rekening Nommer	40 8222 2026

Betalings moet asb direk aan die NPO gedoen word en nie aan Anchor of Hope gemeente nie.

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf